# ADVENT KALENDER 2: Aktiwiteite

**DAG 1**

Neem ‘n droeë stompie – bind ‘n rooi lint daarom. Skryf daarby “Kom Jesus Kom”

***Lees: Luk 1:26-28;31***

**DAG 2**

Maak ‘n kransie en plak dit op jou kamerdeur. Dink opgewonde aan Jesus wat gebore is.

***Lees: Luk 1:38***

**DAG 3**

Blaas ‘n ballon op. Skryf daarop: Jesus, gebore vir ons. Hang dit in jou kamer.

***Lees: Matt 1:18***

**DAG 4**

Bid die volgende gebedjie: Liewe Jesus, dankie dat ons U geboorte kan onthou. Bly asb by ons tot volgende Kersfees.

***Lees: Matt 1:20***

**DAG 5**

Maak ‘n Kerskaartjie. Gee dit vir Pappa en Mamma en voel hoe lekker dit is om vir iemand iets te gee.

***Lees: Matt 1:21***

**DAG 6**

Teken ‘n prentjie van Jesus se geboorte. Knip dit mooi uit en hang dit aan julle kersboom.

***Lees: Matt 1:22-23***

**DAG 7**

‘Tel’ vandag alles waarvoor jy vir Jesus kan dankie sê.

***Lees: Luk 2:1-4***

**DAG 8**

Kleur die prentjie in van Josef en Maria wat oppad is na Betlehem toe, en plak dit teen jou muur om jou te laat onthou dat hulle ver moes ry op ‘n donkie voordat Jesus gebore is.

***Lees: Luk 2:5***

**DAG 9**

Teken ‘n stal met diere daarin. Dink aan Jesus se geboorteplek.

***Lees: Luk 2:6***

**DAG 10**

Teken ‘n krippie by gister se prentjie. Sê jammer vir Jesus omdat jy nie altyd vir Hom plek het in jou lewe nie.

***Lees: Luk 2:7***

**DAG 11**

Nooi 'n maatjie om by jou te kom speel. Dink aan die gasvryheid van die staleienaar.

***Lees: Jes 9:5***

**DAG 12**

Sit 'n droeë boontjie tussen klam watte. Kyk elke dag hoe nuwe lewe daaruit kom. Skryf Jes 11:1 daarby neer.

***Lees: Jes 9:6***

**DAG 13**

Teken 'n skapie. Plak dit met watte. Dink aan die herders en hulle skapies. Hang dit aan julle kersboom.

***Lees: Luk 2:8-11***

**DAG 14**

Steek 'n kers aan en dink aan Jesus die lig vir die wêreld.

***Lees: Luk 2:12***

**DAG 15**

Sit 'n string blink engelhaar om jou kop (tinsel). Dink aan die engele wat oor Jesus se geboorte sing.

***Lees: Luk 2:13-14***

**DAG 16**

Speel 'n kersliedjie (of sing een) en dink aan die engelekoor wat bly was oor Jesus wat gebore is.

***Lees: Luk 2:15-18***

**DAG 17**

Sit al die ligte in die huis af. Steek 'n paar kerse op en gesels oor hoe Jesus die lig vir die wêreld is, en hoe ONS ook lig kan wees.

***Lees: Ps 95:6***

**DAG 18**

Maak diertjies van deeg of klei om onder julle kersboom te sit (die staltoneel).

***Lees: Luk 2:19***

**DAG 19**

Vra vir Pappa of Mamma om die woorde van Lukas 2:20 op stukkies papier neer te skryf en uit te knip. Laat hulle dit dan in die huis wegsteek, en jy moet dit soek.

***Lees: Luk 2:20***

**DAG 20**

Teken 'n paar sterre op karton, versier dit en skryf op elkeen een iets spesiaals vir Jesus. Hang dit aan julle Kersboom.

***Lees: Matt 2:1***

**DAG 21**

Vertel vir iemand hoe lief jy Jesus het. Dink aan die wyse manne wat opgewonde vertel het van Jesus wat gebore is.

***Lees: Matt 2:2***

**DAG 22**

Sny ‘n groot ster uit karton. Teken die kruis aan die een kant en plak die ander kant met foelie. Sit dit bo aan die boom as teken van Jesus se prys vir ons sondes.

***Lees: Matt 2:9***

**DAG 23**

Sit ‘n bietjie van mamma se parfuum aan jou. Dink aan die wyse man se geskenk van mire.
***Lees: Matt 2:10***

**DAG 24**

Maak jou geskenke oop en dink aan die grootste geskenk – JESUS aan ons.

***Lees: Matt 2:11***